9. Vergelyk en beskryf die volgende driehoeke.




Vorms, breuke en hoeke


Twee gelyke dele.
Ons sê halwes.



Vier gelyke dele.
Ons sê kwarte.



Die hoek maak 'n driekwart draai. Hoekom sê ons so?



Teken:



Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30


19a Sirkels

Hoe om 'n sirkel te teken. Volg die stappe en teken 'n sirkel met 'n passer.



Gebruik 'n passer om sirkels met die volgende afmetings te teken.	Stel die passerstel volgens die radius van die sirkel. [Die radius is die afstand van die middel na die omtreklyn (buitelyn)].	Maak seker die passer se stelskroef is vas sodat die passer nie gly nie.	Maak seker die potlood is mooi vas sodat dit nie skuif nie.
			

1. Gebruik 'n passer om sirkels van die volgende te teken:



a. radius 5 cm.
b. radius 4,5 cm.
c. radius 10 cm.
d. middellyn 12 cm.
e. middellyn 15 cm.

Teken:


Datum:

vervolg ☛

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

2. Teken 'n radius vir elk van die sirkels hieronder. Meet die radius en gee jou antwoord in mm en cm.

a.




Radius

____ mm

____ cm

b.




Radius

____ mm

____ cm

c.



Radius

____ mm

____ cm

d. Teken 'n middellyn vir elk van die boonste sirkels. Meet die middellyn in mm en cm.

Middellyn

____ mm

____ cm

Middellyn

____ mm

____ cm

Middellyn








____ mm

____ cm

e. Die radius is die _____ (breuk) van die middellyn.


f. Die middellyn is _____ maal die lengte van die radius.

3. Volg die stappe en gebruik jou passer om die patrone hieronder te teken.

Stap 1 	Stap 2 
Stap 3 	Stap 4 
Stap 5 	Stap 6 
Stap 7 	

Sirkels oral

Wat is dit?



- Maak jou eie ontwerp deur van sirkels gebruik te maak.
- Jy mag slegs sirkels gebruik.
- Gebruik verskillende kleure.
- Benoem jou prentjie.

Teken:

Datum:


15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

20 Frekwensie tabelle

Help my om hierdie data te sorteer. Ek is verlore!



Ek het data oor kinders se gunsteling kleur versamel. Terwyl ek hulle uitgevra het, het ek hierdie telstrepies op 'n stukkie papier gemaak.



1. Voltooi die die onderstaande frekwensietabel deur die data hierbo te gebruik.

Kleur	Telstrepies	Frekwensie
Rooi		

2. Jy het inligting oor die gewildste soort sjokolade in jou skool versamel. Almal het hulle antwoorde op 'n klein stukkie papier neergeskryf. Gebruik hierdie inligting om die frekwensietabel op die volgende bladsy te voltooi.


Tex	Aero	Kit Kat	Kit Kat	Bar one	Aero	Kit Kat	Aero	Lunch bar	Kit Kat
Kit Kat	Tex	Bar one	Aero	Aero	Tex	Lunch bar	Lunch bar	Tex	Kit Kat
Kit Kat	Rolo	Aero	Rolo	Rolo	Rolo	Tex	Tex	Aero	Kit Kat
Tex	Bar one	Rolo	Tex	Rolo	Kit Kat	Kit Kat	Aero	Kit Kat	Kit Kat
Rolo	Kit Kat	Tex	Kit Kat	Bar one	Aero	Lunch bar	Kit Kat	Aero	Kit Kat
Bar one	Rolo	Kit Kat	Kit Kat	Aero	Tex	Bar one	Lunch bar	Tex	Aero
Tex	Kit Kat	Aero	Rolo	Kit Kat	Kit Kat	Aero	Kit Kat	Lunch bar	Tex
Rolo	Kit Kat	Kit Kat	Bar one	Kit Kat	Lunch bar	Kit Kat	Aero	Bar one	Lunch bar
Bar one	Aero	Tex	Aero	Tex	Tex	Lunch bar	Kit Kat	Aero	Kit Kat
Kit Kat	Tex	Aero	Kit Kat	Lunch bar	Tex	Bar one	Tex	Tex	Aero



Gewildste soort sjokolade	Frekwensie

3. Gebruik die inligting uit die frekwensietabel om die sirkeldiagram hieronder te merk.

Titel: _____



Koerantsoektog ...

Kry 'n tabel in enige koerant.

Skryf drie of meer dinge neer wat jy vanuit die tabel geleer het.



Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

21 Gemiddeld, mediaan en modus



Wanneer ons 'n lys van getalle as deel van data het, vind ons dit dikwels nuttig om die gemiddelde getal uit te werk.

Ek het 'n rekord van verlede week se weer gehou. Ek wonder wat die gemiddelde temperatuur vir daardie skoolweek was.



Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
18^0	18^0	21^0	23^0	23^0

18 + 18 + 21 + 23 + 20 = 100
100 ÷ 5
= 20



Dus moet ons 100 deur 5 deel om die gemiddeld te vind, want daar is vyf dae.

Hierdie word die **gemiddeld** genoem. Die gemiddeld is die som van al die getalle gedeel deur die aantal getalle.

Daar is twee ander vorme van die gemiddeld, naamlik die **mediaan** en die **modus**.


Die **mediaan** is die getal wat in die middel is nadat jy die getalle in orde geplaas het. In die bogenoemde voorbeeld is die mediaan 20°C .

Die **modus** is die mees algemene getal in 'n stel getalle. In die voorbeeld is die modus18°C .

1. Werk deur hierdie stel temperatuur lesings en vul die ontbrekende inligting in.

Hier is die temperature vir nege dae in April.

°C	22	21	22	21	20	19	22	23	20



a. Sit die temperature in stygende orde. Ons het dit vir jou begin.

°C	19	20	20						

b. Watter getal kom die meeste voor? _____

c. Wat word hierdie tipe gemiddeld genoem? _____

d. Kyk na die orde van die getalle hierbo. Wat is die middelste getal? _____

e. Wat word hierdie gemiddeld genoem? _____

f. Bereken die gemiddeld van hierdie getalle. _____

g. Nou dat jy die gemiddeld het, dui aan watter temperature bo en watter temperature onder die gemiddeld is. Bo : _____

Onder: _____

2. Wiskunde assessering-resultate

Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5
40	50	40	60	40

a. Wat is die mediaan (gemiddelde) telling? _____ b. Wat is die modus? _____

3. Taal-assessering resultate

Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7
80	70	60	40	70	70	50

a. Wat is die modus? _____ b. Wat is die mediaan (gemiddelde) telling? _____

4. Natuurlike Wetenskappe assessering-resultate

Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5
52	61	60	52	59

a. Wat is die mediaan (gemiddelde) telling? _____ b. Wat is die modus? _____

5. Hier is die hoogtes van die kinders in die klas gemeet.



135 cm, 145 cm, 125 cm, 135 cm, 145 cm, 145 cm, 125 cm, 120 cm, 120 cm, 130 cm and 115 cm.

a. Wat is die mediaan (gemiddelde) telling? _____ b. Wat is die modus? _____

6. Hier is die resultate van die doele deur die netbal-span tydens hul oefen-sessie behaal.

Dag 1	Dag 2	Dag 3	Dag 4	Dag 5	Dag 6	Dag 7
80	70	60	40	70	70	50

a. Wat is die mediaan (gemiddelde) telling? _____

b. Wat is die modus? _____




Kry die gemiddeld

Bereken die gemiddelde vir vrae 2 tot 6.

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

22 Lees en interpreteer die staafgrafieke en sirkelgrafieke




'n Dubbele staafgrafiek is soortgelyk aan 'n gewone staafgrafiek, maar gee twee stelle verwante inligting.

Sê vyf dinge oor hierdie dubbele grafiek.

Watter inligting kan jy by die dubbele staafgrafiek voeg? Hoekom?

1. Kyk na die staafgrafiek en beantwoord die vrae.



a. Watter inligting kan jy by die staafgrafiek voeg? _____

b. Hoeveel leerders is daar in die klas? _____

c. Watter metode van vervoer is die gewildste? _____

d. Watter metode is minder gewild? _____

e. Hoeveel meer leerders gebruik die bus as die taxi? _____

f. Hoekom dink jy gebruik meer leerders die bus as die taxi?


_____

g. Dink jy meeste leerders bly ver van of naby aan die skool?

_____

h. Watter persentasie van die leerders gebruik publieke vervoer? _____

2. Wat sal jy doen om die onderwerp van hierdie sirkelgrafiek te verbeter?



3. Beantwoord die volgende vrae aangaande die sirkelgrafiek.

a. Wat is 'n sirkelgrafiek?

_____

_____

b. Sal die sektore altyd in 'n persentasie wees? _____

c. Sal dit altyd tot 100% optel? _____

d. Wat was die grootste uitgawe in die Suid-Afrikaanse begroting? _____

e. Wat was die kleinste uitgawe in die Suid-Afrikaanse begroting? _____

f. Skryf drie sinne oor die sirkelgrafiek.

_____

_____

_____

Moet nie mors nie

Ons het afval in ons skole versamel. Hierdie was een dag se resultate: 10kg papier, 3kg plastiek, 2kg glas, 3kg metaal en 2kg organiese afval. Dui dit op 'n staafgrafiek aan. Skryf vyf sinne oor jou grafiek neer.

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

23 Vraelyste

'n Algemene metode vir die versameling van data vir 'n opname is om vraelyste te gebruik. Vraelyste kom in verskeie vorme voor en word met behulp van verskeie metodes uitgevoer.



1. Voor ons begin, moet ons 'n hipotese voorlê.





Hier is 'n paar voorbeelde van 'n vraelys-hipotese:

- Almal in graad 6 besit 'n selfoon.
- Almal in graad 6 verstaan vierkante verdeling.
- Almal in graad 6 hou van gemorskos.

a. Skryf 'n hipotese neer wat jy dink jy in jou vraelys kan gebruik.

_____

b. Nadat jy op jou hipotese besluit het, moet jy besluit oor die tipe vrae wat jy wil vra.

Voorbeelde van algemene vrae style

- Ja/Nee antwoorde
- Merkie bokse
- Woord antwoorde
- Vrae wat vereis dat 'n sin neergeskryf word.

Gee 'n voorbeeld van 'n Ja of Nee vraag wat skakel met jou hipotese hierbo.

_____



2. Voltooi die volgende vir twee verskillende situasies.

Voorbeeld:
Hipotese:
Almal in graad 6 besit 'n selfoon.


Tipe vraelys
Per pos / per epos / aangesig-tot-aangesig

Tipe vrae en voorbeeld
Ja/Nee vrae. Besit jy 'n selfoon? Ja/Nee



a.	b.
Hipotese	Hipotese
_____	_____
_____	_____
Tipe vraelyste	Tipe vraelyste
_____	_____
Tipe vrae en voorbeeld	Tipe vrae en voorbeeld
_____	_____
_____	_____
_____	_____

3. Skryf 'n hipotese deur die volgende woorde te gebruik: sport, skool, seuns en meisies.



24a Alles oor getalpatrone

Veelvoude	**Faktore**
Sommige getalreekse wys veelvoude van verskillende getalle: bv 5, 10, 15, 20, 25, 30, ... Hierdie getalle is veelvoude van 5. Hulle kan almal presies deur 5 gedeel word. Veelvoude sluit groot getalle in, nie net getalle wat ons gewoonlik in maaltafels gebruik nie. Byvoorbeeld, 240 is 'n veelvoud van 6 want dit kan presies deur 6 gedeel word.	Faktore is die teenoorgelstelde van veelvoude. Dit is daardie getalle wat presies in ander getalle sal indeel. Bv. Die faktore van 15 is 1, 3, 5 en 15. Hierdie kan gewys word as pare van faktore: (1 en 15) en (3 en 5). Elke paar kan vermenigvuldig word om 15 te kry.

1. Skep 'n patroon wat die volgende insluit:

a. veelvoude	Wat is die reël?
b. faktore	Wat is die reël?

2. Brei die volgende patroon uit.

a. Wenk: Priemgetalle is spesiale getalle wat slegs deur hulself gedeel kan word en 1. 2, 3, 5, 7, 11, _____, _____, _____

b. Reël: vermenigvuldig met 2 en tel 1 by. 1, 3, 7, 15, _____, _____, _____

c. Reël: deel deur 2 en tel 2 by. 100, 52, 28, _____, _____, _____


3. Skep twee van jou eie getallepatrone en vra jou maat om dit uit te brei.

a. _____

b. _____

Patrone kan as inset-uitset vloeidiagramme of as getallesinne weergegee word.

Voorbeeld 1: Vloeidiagram




Voorbeeld 2: Getallesinne

1	×	4	+	1	=	5
3	×	4	+	1	=	13
5	×	4	+	1	=	21
7	×	4	+	1	=	29
9	×	4	+	1	=	37
11	×	4	+	1	=	45

4. Voltooi die vloeidiagramme en vrae en skryf dan al die getallesinne vir die vloeidiagram.

a. i. Vloeidiagram



ii. Wat is die insetwaardes?

_____

iii. Wat is die uitsetwaardes?

_____

iv. Wat is die reël? _____

v. Getallesinne

vi. Wat sal die uitsetwaardes wees as die reël + 2 × 7 is?

_____

Sign:


Date:

vervolg ☛

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

24b Alles oor getalpatrone vervolg

b. i. Vloeidiagram



ii. Wat is die insetwaardes?

_____

iii. Wat is die uitsetwaardes?

_____


iv. Wat is die reël? _____

v. Getallesinne

vi. Wat sal die uitsetwaardes wees as die reël + 2 × 7? is

_____

c. i. Vloeidiagram



ii. Wat is die insetwaardes?

_____

iii. Wat is die uitsetwaardes?

_____


iv. Wat is die reël? _____

v. Getallesinne

vi. Wat sal die uitsetwaardes wees as die reël + 2 × 7 is?

_____

d. i. Vloeidiagram



ii. Wat is die insetwaardes?

_____

iii. Wat is die uitsetwaardes?

_____

iv. Wat is die reël? _____

v. Getallesinne

vi. Wat sal die uitsetwaardes wees as die reël – 4 × 5 is?

_____


Sign:

Date:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

25a Getalle van 0 tot 200 000

Hoeveel van die blokke het jy nodig om 'n totaal van 200 000 klein kubusse te kry?



1. Voltooi die volgende:

a. 100 000 + 30 000 + 4 000 + 200 + 90 + 7 = _____

b. 100 000 + 80 000 + 2 000 + 100 + 70 + 5 = _____

c. 100 000 + 60 000 + 2 000 + 100 + 50 = _____

d. 100 000 + 70 000 + 2 000 + 50 + 6 = _____

e. 100 000 + 5 = _____

2. Skryf die regte getal in die korrekte kolom neer:

		Honderd-duisende	Tien-duisende	Duisende	Honderde	Tiene	Ene
a.	187 432						
b.	174 501						
c.	165 002						
d.	160 005						
e.	100 004						

3. Skryf vraag 2 se getalle hier in woorde.

4. Voltooi die volgende. Die eerste vraag sal jou help.

a. 145 342 = 1 honderdduisend + 4 tienduisende + 5 duisende + 3 honderde + 4 tiende + 2 ene

b. 178 901 =

c. 134 005 =

d. 176 000 =

e. 169 009 =

Teken:

Datum:

vervolg ☛

25b Getalle van 0 tot 200 000 vervolg

5. Skryf vraag 4 se getalle hier in woorde.

6. Rangskik die getalle van die kleinste na die grootste.

a. 113 432, 113 234, 113 324 _____

b. 122 221, 122 122, 122 212 _____

c. 110 456, 100 456, 101 456 _____

d. 189 378, 183 978, 187 938 _____

e. 404 404, 404 440, 404 044 _____

7. Vul <, > of = in.

a. 128 394 ____ 128 349

b. 199 999 ____ 99 999

c. 199 990 ____ 199 099

d. 138 389 ____ 183 839

e. 111 101 ____ 111 110

f. 101 010 ____ 101 011

g. 474 747 ____ 747 474

h. 87 878 ____ 787 878

i. 505 505 ____ 505 005

j. 676 767 ____ 656 565

8. Wat is die waarde van die onderstreepte syfer?

a. 189 2<u>8</u>3 _____

b. 1<u>2</u>0 005 _____

c. <u>1</u>34 467 _____

d. 134 34<u>2</u> _____

e. 14<u>5</u> 999 _____

f. 199 9<u>9</u>9 _____

9. Gebruik die getalle en voltooi die volgende:

1	2	6	3	8	4

a. Gebruik elke getal 1 keer en maak die kleinste 6-syfergetal: _____

b. Gebruik elke getal 1 keer en maak die grootste 6-syfergetal: _____

c. Jy kan nou 'n getal 2 keer gebruik. Maak die kleinste 6-syfergetal: _____

d. Jy kan nou 'n getal 2 keer gebruik. Maak die grootste 6-syfergetal: _____

Alles oor getalle

Wat jy nodig het:
Koerant.



Het jy geweet?

Kardinaalgetalle: Vertel vir jou hoeveel van iets. 'n Klasperiode is 30 minute lank.

Ranggetalle: Gee die rang of volgorde van 'n getal. Hy het 3de plek in die resies gekry.

Nominaalgetalle: Benoem iets. Kanaal 15 het interessante opvoedkundige programme.

Watter getalle in die koerant is kardinaalgetalle?

Watter getalle is ranggetalle?

Watter getalle is nominaalgetalle?

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

26 Afronding

Watter stelling sal jy gebruik?






Onthou ons gebruik hierdie simbool wanneer ons getalle afrond:


≈

Rond af tot die naaste 10.

Ons rond die getalle wat eindig op 'n **1** tot **4** af tot die vorige (laer) tien.
Voorbeeld: 15 63**4**, afgerond tot die naaste tien, is 15 630.




Ons rond die getalle wat eindig op 'n 5 to 9 af na die volgende (hoër) tien.
Voorbeeld: 15 66**7** afgerond tot die naaste tien is 15 670.



1. Gebruik die getallelyn en rond die volgende getalle af tot die naaste tien.

a. 23 489




b. 78 373




Rond af tot die naaste 100.

As die tiene se syfer 'n **0, 1, 2, 3** of **4** is, rond die getal af tot die vorige (laer) honderd.
Voorbeeld: 15 634 afgerond tot die naaste honderd is 15 600.




As die tiene se syfer 'n **5, 6, 7, 8** of **9** is, rond die getal af tot die volgende (hoër) honderd.
Voorbeeld: 15 667 afgerond tot die naaste honderd is 15 700.






2. Gebruik die getallelyn en rond die volgende getalle af tot die naaste honderd.

a. 45 782




b. 29 514




Rond af tot die naaste duisend.

As die honderde se syfer 'n **0, 1, 2, 3** of **4** is, rond die getal af tot die vorige (laer) duisend.

Voorbeeld: 12 **3**74 afgerond tot die naaste duisend is 12 000.




As die honderde se syfer 'n **5, 6, 7, 8** of **9** is, rond die getal af tot die volgende (hoër) duisend.




3. Gebruik die getallelyn en rond die volgende getalle af tot die naaste duisend.

a. 76 345



b. 37 984



Maak dit eenvoudig

Benodig:
- Kyk na die prentjies aan die regterkant.

Wat om te doen:
- Skryf twee sinne vir elke prentjie neer.
- Die eerste sin moet 'n getal bevat en die tweede sin moet 'n afgeronde getal bevat.





Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

27 Afronding tot die naaste 5



Wil jy afrond tot die naaste 5?



Wys my asseblief hoe om dit te doen!



Die idee is om die naaste veelvoud van vyf te kry.

1	2	3	4	**5**	6	7	8	9	**10**
11	12	13	14	**15**	16	17	18	19	**20**
21	22	23	24	**25**	26	27	28	29	**30**
31	32	33	34	**35**	36	37	38	39	**40**
41	42	43	44	**45**	46	47	48	49	**50**
51	52	53	54	**55**	56	57	58	59	**60**
61	62	63	64	**65**	66	67	68	69	**70**
71	72	73	74	**75**	76	77	78	79	**80**
81	82	83	84	**85**	86	87	88	89	**90**
91	92	93	94	**95**	96	97	98	99	**100**



Kom ons vat 27 bv. Dit lê tussen 25 en 30. Dit is 2 getalle van 25 en 3 getalle van 30. Dus is 25 nader.


1. Gebruik die getallebord en rond die getalle af tot die naaste 5.

a. 57 ≈ _____ b. 19 ≈ _____ c. 97 ≈ _____

d. 36 ≈ _____ e. 48 ≈ _____ f. 64 ≈ _____

g. 22 ≈ _____ h. 91 ≈ _____ i. 43 ≈ _____

2. Gebruik die getallelyn en rond die getalle af tot die naaste 5.







a. 113 162 ≈ _____ b. 113 169 ≈ _____ c. 113 161 ≈ _____

d. 113 163 ≈ _____ e. 113 168 ≈ _____ f. 113 167 ≈ _____

g. 113 164 ≈ _____

3. Rond die volgende af tot die naaste 5 minute. Ons het die eerste een vir jou begin.

				
03:04 ≈ 03:05 **of** **15:04 ≈15:05**	_____ of _____	_____ of _____	_____ of _____	_____ of _____

4. Kyk na die tabel en rond die getalle af tot die naaste 50.

10	20	30	40	50	60	70	80	90	100
110	120	130	140	150	160	170	180	190	200
210	220	230	240	250	260	270	280	290	300
310	320	330	340	350	360	370	380	390	400
410	420	430	440	450	460	470	480	490	500
510	520	530	540	550	560	570	580	590	600
610	620	630	640	650	660	670	680	690	700
710	720	730	740	750	760	770	780	790	800
810	820	830	840	850	860	870	880	890	900
910	920	930	940	950	960	970	980	990	1 000

a. 30 ≈ _____ b. 260 ≈ _____ c. 640 ≈ _____

d. 890 ≈ _____ e. 930 ≈ _____ f. 210 ≈ _____

g. 520 ≈ _____ h. 770 ≈ _____ i. 990 ≈ _____

5. Gebruik die maatstok en rond die volgende af tot die naaste 50.



a. 60 mm ≈ _____ b. 140 mm ≈ _____ c. 290 mm ≈ _____

d. 310 mm ≈ _____ e. 780 mm ≈ _____ f. 920 mm ≈ _____

6. Rond af tot die naaste 50 sent.

a. R2,52 ≈ _____ b. R8,32 ≈ _____ c. R8,69 ≈ _____

d. R10,12 ≈ _____ e. R50,95 ≈ _____ f. R100,72 ≈ _____

Hoe vinnig kan jy afrond?

Kleur die regte antwoord in.

Rond 278 af tot die naaste 5.

270	250	200
260	280	210
300	290	275

Rond 891 af tot die naaste 5.

900	980	870
800	891	850
850	860	890

Rond 546 af tot die naaste 5.

560	545	570
555	550	550
540	585	400

Rond 726 af tot die naaste 5.

760	700	730
750	720	780
740	800	725

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

28 Vermenigvuldiging en priemfaktore





Watter getalle is gekleurd?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
31	32	33	34	35	36	37	38	39	40
41	42	43	44	45	46	47	48	49	50
51	52	53	54	55	56	57	58	59	60
61	62	63	64	65	66	67	68	69	70
71	72	73	74	75	76	77	78	79	80
81	82	83	84	85	86	87	88	89	90
91	92	93	94	95	96	97	98	99	100

1. Wat noem ons getalle wat nie priemgetalle is nie? _____

2. Gee die priemfaktore, deur van priemfaktore bome gebruik te maak.

Voorbeeld:
Breek die volgende getalle op in die kleinste priemfaktore. Ons sal priemfaktor bome gebruik om hierdie te demonstreer.

			
$2 \times 2 = 4$	$3 \times 3 = 9$	$3 \times 2 \times 2 = 12$	$3 \times 2 \times 7 = 42$

a.	b.	c.
18	4	30

3. Vermenigvuldig die volgende met behulp van die metode soos in die voorbeeld aangedui.

Voorbeeld 1:

Gebruik van faktore om te vermenigvuldig

Bereken 547 × 42

547 × 42 = 547 × 6 × 7 → Breek 42 op in sy faktore.
= 547 × 2 × 3 × 7 → Breek 6 op in sy faktore.
= (547 × 2) × 3 × 7
= (1 094 × 3) × 7
= 3 282 × 7
= (7 × 3 000) + (7 × 200) + (7 × 80) + (7 × 2)
= 21 000 + 1 400 + 560 + 14
= 22 974

Voorbeeld 2:

Gebruik die kolommetode

$$\begin{array}{r} 547 \\ \times\ 42 \\ \hline 1094 \\ 21880 \\ \hline 22974 \end{array}$$


a. 512 × 52

b. 684 × 37

4. Kontroleer jou antwoorde deur van 'n sakrekenaar gebruik te maak.

a. 512 × 52

b. 684 × 37



Priemfaktore

- Gee al die priemfaktore tussen 100 en 200. Hoe het jy dit uitgewerk?
- Vind uit waar in die alledaagse lewe jy faktore sal gebruik.

Teken:

Datum:

29 Vermenigvuldiging en die distributiewe eienskap

Hersien die distributiewe eienskap van vermenigvuldiging.

$3 \times (4 + 2)$
$= (3 \times 4) + (3 \times 2)$
$= 12 + 6$
$= 18$

$(3 + 5) \times (4 + 2)$
$= (3 \times 4) + (3 \times 2) + (5 \times 4) + (5 \times 2)$
$= 12 + 6 + 20 + 10$
$= 48$

OF

×	4	2
3	12	6
5	20	10

12 + 6 + 20 + 10
= 48

1. Bereken die volgende deur van albei metodes gebruik te maak.

a. (2 + 3) × (5 + 1)

b. (4 + 2) × (6 + 5)

c. (6 + 9) × (7 + 6)

d. (5 + 8) × (9 + 3)

e. (3 + 4) × (8 + 4)

f. (7 + 1) × (2 + 7)

2. Bereken die volgende deur van albei metodes gebruik te maak.

Voorbeeld 1:

Bereken 547 × 45



= (500 + 40 + 7) × (40 + 5)
= 20 000 + 2 500 + 1 600 + 200 + 280 + 35
= 20 000 + 2 000 + 1 000 + 500 + 600 + 200 + 200 + 80 + 30 + 5
= 20 000 + 3 000 + 1 500 + 110 + 5
= 24 615

Voorbeeld 2:

×	40	5
500	20 000	2 500
40	1 600	200
7	280	35

20 000 + 2 500 + 1 600 + 200 + 280 + 35
= 20 000 + 2 000 + 1 000 + 500 + 600 + 200 + 200 + 80 + 30 + 5
= 20 000 + 3 000 + 1 500 + 110 + 5
= 24 615

a. 253 × 41 =

b. 136 × 47 =

c. 766 × 38 =

d. 492 × 25 =

Bokse met balle

Hierdie jaar het die maatskappy 52 bokse sokkerballe aan die kinders gegee. Elke boks het 545 balle in. Hoeveel balle het die maatskappy weggegee?


Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

30 Meer oor vermenigvuldiging en die distributiewe eienskap

Bereken die volgende. Watter vloeidiagram was makliker? Hoekom?



1. Voltooi die volgende:

a. $4 \times 32 = 4 \times (40 - \square)$

b. $5 \times 47 = 5 \times (50 - \square)$

c. $3 \times 83 = 3 \times (90 - \square)$

d. $7 \times 27 = 7 \times (30 - \square)$

e. $6 \times 79 = 6 \times (80 - \square)$

f. $8 \times 65 = 8 \times (70 - \square)$

2. Bereken 2a – c.

a. 4×32 $= 4 \times (40 - 8)$ $= (4 \times 40) - (4 \times 8)$ $= 160 - 32$ $= 128$	b. 5×47 $= 5 \times (50 - \square)$	c. 3×83 $= 3 \times (90 - \square)$

3. Voltooi die volgende:

a. $14 \times 32 = 14 \times (40 - ___)$ b. $15 \times 47 = 5 \times (50 - ___)$ c. $13 \times 83 = 3 \times (90 - ___)$

4. Bereken 4a-c.

a. 14×32 $= 14 \times (40 - 8)$ $= (10 + 4) \times (40 - 8)$ $= 400 - 80 + 160 - 32$ $= 320 + 128$ $= 300 + 100 + 20 + 20 + 8$ $= 400 + 40 + 8$ $= 448$	b. 15×47 $= 15 \times (50 - \square)$	c. 13×83 $= 13 \times (90 - \square)$

5. Bereken die volgende.

Voorbeeld 1:

547 × 45
= (500 + 40 + 7) × (40 + 5)
= 20 000 + 2 500 + 1 600 + 200 + 280 + 35
= 20 000 + 2 000 + 1 000 + 500 + 600 + 200 + 200 + 80 + 30 + 5
= 20 000 + 3 000 + 1 500 + 110 + 5
= 20 000 + 3 000 + 1 000 + 500 + 100 + 10 + 5
= 20 000 + 4 000 + 600 + 10 + 5
= 24 615

Voorbeeld 2:

547 × 45
547 × (50 – 5)
= (500 + 40 + 7) × (50 – 5)
= (25 000 – 2 500) + (2 000 – 200) + (350 – 35)
= 22 500 + 1 800 + 315
= 20 000 + 2 000 + 1 000 + 500 + 800 + 300 + 10 + 5
= 20 000 + 3 000 + 1 600 + 15
= 24 615

a. 285 × 41 =

b. 285 × (50 – 9) =

c. 396 × 22 =

d. 396 × (30 – 8) =

Hartklop …

'n Normale, gesonde volwasse se hart klop ongeveer 78 keer per minuut.

- Hoeveel keer sal 'n hart in 'n halfuur klop?
- Hoeveel keer sal 'n hart in een uur klop?

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

31 Vermenigvuldiging deur van uitgebreide notasie en die vertikale kolommetode gebruik te maak

Hoe sal jy hierdie probleem oplos?

'n Hout produsent wil 156 rye, elk met 216 bome plant. Hoeveel bome sal hy moet plant?

- Wat is die vraag?
- Wat is die getalle?
- Watter basiese bewerkings (+, –, ×, ÷) sal jy gebruik?
- Wat sal die getallesin wees?
- Gebruik die getallesin om die antwoord uit te werk.



1. Skryf die volgende getalle in uitgebreide notasie.

Voorbeelde:

- 325 = 300 + 20 + 5
- 108 = 100 + 8
- 7 642 = 7 000 + 600 + 40 + 2
- 4 362 = 4 000 + 300 + 60 + 2

a. 6 186

b. 3 425

c. 5 659

d. 2 345

e. 8 142

f. 9 678

g. 7 231

h. 4 527

i. 1 172

2. Vermenigvuldig hierdie somme deur van distributiewe eienskap gebruik te maak.

Voorbeeld:

8 × 4 362
= 8 × (4 000 + 300 + 60 + 2)
= 32 000 + 2 400 + 480 + 16
= 34 896

a. 2 × 1 297

b. 8 × 3 482

c. 7 × 1 493

3. Bereken deur van die vertikale kolommetode gebruik te maak.

Voorbeeld 1:

```
  4 362
×   108
 34 896     8 × 4 362
            = 8 × (4 000 + 300 + 60 + 2)
            = 32 000 + 2 400 + 480 + 16
            = 34 896
            00 × (4 000 + 300 + 60 + 2)
+ 436 200   100 × 4 362
            = 43 6200
471 096     108 × 4 362
```

Voorbeeld 2:

```
  5 281
×   146
 31 686 ──→ 6 × 5 281
            = 6 × (5 000 + 200 + 80 + 1)
            = 30 000 +  1 200 + 480 + 6
            = 31 686
211 240 ──→ 40 × 5 281
            = 40 × (5 000 + 200 + 80 + 1)
            = 200 000 +  8 000 + 3 200 + 40
            = 211 240
+ 528 100 ──→ 100 × 5 281
            = 528 100
771 026 ──→ 5 281 × 146
```

a. 1 324 × 105 =

b. 5 681 × 306 =

c. 3 265 × 207 =

d. 8 432 × 402 =

Lemoene in kratte

'n Boer kan 2 139 lemoene in 'n krat pak. Hoeveel lemoene kan in 428 kratte verpak word?

Teken:

Datum:

32 Vermenigvuldiging en afronding

As ons getalle vinnig wil vermenigvuldig, sonder om die presiese antwoorde te verkry, kan ons dit afrond en dan vermenigvuldig.

Gee die geskatte antwoorde deur albei getalle tot ... af te rond.

Naaste 10	Naaste 100	Naaste 1 000
45 × 32 =	450 × 320 =	4 500 × 3 200 =

1. Rond die getalle tot die naaste 10, 100 en 1 000 af.

	Naaste 10	Naaste 100	Naaste 1 000
a. 789			
b. 342			
c. 2 062			
d. 3 471			
e. 8 309			

2. Vermenigvuldig die getalle deur die eerste getal tot die naaste 1 000 en die tweede getal tot die naaste 100 af te rond.

Voorbeeld 1:

Rond af tot die naaste 1 000.

4 362 × 108
≈ 4 000 × 100
≈ 400 000

Rond af tot die naaste 100.

a. 9 051 × 163

b. 2 485 × 327

3. Vermenigvuldig die getalle deur die eerste getal tot die naaste 100 af te rond.

Voorbeeld:

Rond af tot die naaste 1 000.

4 362 × 108
≈ 4 000 × 108
≈ (4 000 × 100) + (4 000 × 8)
≈ 400 000 + 32 000
≈ 432 000

Nie afgerond

a. 9 201 × 561

b. 2 648 × 875

4. Vermenigvuldig die getalle deur die tweede getal tot die naaste 100 af te rond.

Nie afgerond

Voorbeeld:
4 362 × 108
≈ 4 362 × 100
≈ 436 200

Rond af tot die naaste 100.

a. 2 363 × 448

b. 2 847 × 759

5. Vermenigvuldig die getalle deur die eerste getal tot die naaste ... en die tweede getal tot die naaste 100 af te rond.

Rond af tot die naaste 100.

Voorbeeld:
4 362 × 108
≈ 4 400 × 100
≈ 440 000

Rond af tot die naaste 100.

a. 7 323 × 884

b. 3 023 × 286

6. Kontroleer om te sien hoe naby jou antwoorde was deur die getalle met 'n sakrekenaar te vermenigvuldig.

Skat en kontroleer

Skat wat die antwoorde sal wees en bereken dit dan. Hoe naby was jou skatting? 2 345 × 67


Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

33 3D-voorwerpe

Kan jy die name van hierdie voorwerpe onthou?



1. Gebruik die volgende beskrywings om die ooreenkomste en verskille tussen die prentjies te verduidelik.

Twee identiese kante.


Ses identiese vierkantige aansigte.

Vorms bo en onder gee die prisma sy naam.



Al die aansigte is plat.

'n Spesiale prisma.





2. Kyk na die prentjies hieronder. Benoem die 3D-voorwerp. Pas die net oor die 3D-voorwerp. Watter 2D-vorms sien jy?

3D-voorwerp	Naam van die 3D-voorwerp.	Net	Benoem die 2D-vorms
 			
 			

3. Gebruik die volgende woorde om die ooreenkomste en verskille tussen die prentjies te beskryf:

Die basis is 'n poligoon.

Al die aansigte is dieselfde.


Die ander aansigte is driehoeke.

Ontmoet by 'n hoekpunt.




Al die aansigte is plat.

'n Spesiale piramide.





4. Kyk na die prentjies hieronder. Benoem die 3D-voorwerpe. Pas die korrekte net oor die 3D-voorwerp. Watter 2D-vorms sien jy?

3D-voorwerp	Naam van die 3D-voorwerp.	Net	Benoem die 2D-vorms.
			
			

Hoe vinnig is jy? Kan jy die 3D-voorwerp identifiseer?









Teken:

Datum:

34 Beskrywing van 3D-voorwerpe

Hersien: Identifiseer die 3D-voorwerpe in die prentjies en dui aan of hulle plat of geboë oppervlaktes het.








Hersien ook:


Vlakke
Die individuele vlakke van 'n 3D voorwerp.












Hoekpunt
Die punt waar twee of meer reguit lyne mekaar ontmoet.



Rand
Die lyn waar twee oppervlaktes mekaar ontmoet.




1. Noem en beskryf die oppervlaktes (plat of geboë) van die volgende voorwerpe. Ons het vir jou 'n paar uitdagings ingesluit.


a.  _____	b.  _____	c.  _____
d.  _____	e.  _____	f.  _____
g.  _____	h.  _____	i.  _____

2. Benoem die 3D-voorwerpe en dan die net met die volgende woorde: vlak, rand en hoekpunt.

a.



b.



3. Kies die korrekte net om by elke prisma / piramiede te pas.



a. Driehoekige prisma




b. Reghoekige prisma




c. Kubus



d. Vyfhoekige (Pentagonale) prisma



e. Seshoekige (Heksagonale) prisma



f. Agthoekige (Oktagonale) prisma



g. Viervlak / Driehoekige piramiede



h. Vierkantige piramiede




i. Vyfhoekige (Pentagonale) piramiede




j. Seshoekige (Heksagonale) piramiede



k. Agthoekige (Oktagonale) piramiede





Van net na voorwerp


Kies enige net. Vergroot dit en maak 'n 3D-voorwerp. Skep 'n voorwerp vanuit jou 3D-voorwerp.

Teken:

Datum:

35 Meetkundige patrone

Word die patrone groter of kleiner?




1. Beskryf die patroon deur van die stellings hieronder gebruik te maak.


- Die vorm behou sy vorm, maar word groter of kleiner in elke stadium.
- 'n Vorm of deel van 'n vorm word op elke stadium bygevoeg.

Voorbeeld:

Patrone waar 'n vorm of deel van 'n vorm by elke stadium bygevoeg word.




a.




b.



c.



d.




2. Beskryf die patroon deur van die stellings hieronder gebruik te maak.


- Patrone met dieselfde verskil tussen die terme.
- Patrone met nie dieselfde verskil tussen terme nie.

Voorbeeld:


Die patroon het nie dieselfde verskil tussen die terme nie.




a.




b.



c.



d.



Ontwerp 'n patroon

Ontwerp 'n meetkundige patroon waar die patroon nie dieselfde verskil tussen die terme hoef te hê nie.

Sign:

Date:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

36 Beskrywing van meetkundige patrone

Seshoekige (Heksagoon) patroon



Beskryf die patroon in jou eie woorde:
"Dit is 'n patroon van seshoeke (heksagone)."
"Elke seshoek (heksagoon) is groter as die vorige een."

Beskryf hoe hulle die patroon gemaak het:
"Ek het nog een vuurhoutjie aan elke kant van die seshoek (heksagoon) bygevoeg."
"Elke seshoek (heksagoon) het een meer vuurhoutjie aan elke kant as die seshoek (heksagoon) aan die linkerkant daarvan."


Gebruik hierdie tabel om te voorspel hoeveel vuurhoutjies in die 10'e patroon sal wees.

Patroon	1	2	3	4	5	10
Aantal vuurhoutjies	6	12	18	24	30	?

1. Beskryf die volgende patrone en brei hulle uit.

i. Benoem die veelhoek.
ii. Hoe het jy van die een stadium na die volgende gegaan?
iii. Maak van 'n tabel gebruik om die 10'e patroon te voorspel.

a.



i. _____

ii. _____

iii.

	1	2	3	4	5	10

b.



i. _____

ii. _____

iii.

	1	2	3	4	5	10


c. Vergelyk die patroon in 1 a en b.

_____

_____

2. Kyk na die meetkundige patroon en beantwoord die vrae.

a. Benoem die patrone deur aan te dui watter patroon is 1ste, 2de, 3de en 4de.



b. Beskryf die volgende patrone en brei dit uit.

i. Benoem die veelhoek.

_____


ii. Hoe het jy van die een stadium na die volgende gegaan?

_____

iii. Maak van 'n tabel gebruik om die 10'e patroon te voorspel.

	1	2	3	4	5	10

3. Beskryf hierdie patroon.



_____

_____

_____

_____

Maak 'n meetkundige patroon

Skep jou eie meetkundige patroon deur van 'n veelhoek gebruik te maak.


- Benoem die veelhoek.
- Hoe het jy van die een stadium na die volgende gegaan?
- Maak van 'n tabel gebruik om die 10'e patroon te voorspel.


Sign:

Date:

37 Meetkundige patrone en tabelle

Beskryf en vergelyk die patrone deur die tabelle hieronder te voltooi.






Seshoek (Heksagoon) se patroon	1	2	3	4	5	10
Aantal vuurhoutjies						

Seshoek (Heksagoon) se patroon	1	2	3	4	5	10
Aantal vuurhoutjies						

Vergelyk die twee voorbeelde hierbo met die inleidende aktiwiteit op die vorige werkblad.

1. Beantwoord die volgende vrae.



a. Maak van die tabel gebruik om die 10de patroon te voorspel.


Vierkantige patroon	1	2	3	4	5	20
Aantal vuurhoutjies						

b. Vergelyk jou antwoorde in die tabel met die patroon op die vermenigvuldigingsbord hieronder.

×	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
1	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
2	2	4	6	8	10	12	14	16	18	20
3	3	6	9	12	15	18	21	24	27	30
4	4	8	12	16	20	24	28	32	36	40
5	5	10	15	20	25	30	35	40	45	50
6	6	12	18	24	30	36	42	48	54	60
7	7	14	21	28	35	42	49	56	63	70
8	8	16	24	32	40	48	56	64	72	80
9	9	18	27	36	45	54	63	72	81	90
10	10	20	30	40	50	60	70	80	90	100

2. Beantwoord die volgende vrae.

a. Maak van die tabel gebruik om die 10de patroon te voorspel.




	1	2	3	4	5	10

b. Vergelyk jou antwoorde in die tabel met die patroon hieronder.

1 × 1 × 1	=	1	=	1
2 × 2 × 2	=	8	=	3 + 5
3 × 3 × 3	=	27	=	7 + 9 + 11
4 × 4 × 4	=	64	=	13 + 15 + 17 + 19
5 × 5 × 5	=	125	=	21 + 23 + 25 + 27 + 29
6 × 6 × 6	=	216	=	31 + 33 + 35 + 37 + 39 + 41
7 × 7 × 7	=	343	=	43 + 45 + 47 + 49 + 51 + 53 + 55
8 × 8 × 8	=	512	=	57 + 59 + 61 + 63 + 65 + 67 + 69 + 71
9 × 9 × 9	=	729	=	73 + 75 + 77 + 79 + 81 + 83 + 85 + 87 + 89
10 × 10 × 10	=	1 000	=	

Maak 'n patroon

Watter meetkundige getallepatroon is uitgelig in Pascal se driehoek.



Sign:


Date:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

38 Refleksie simmetrie

'n Tipe simmetrie waar een helfte 'n weerspieëling van die ander helfte is.


Jy kan die beeld vou en albei helftes sal presies ooreenstem.



Vou die papier.



Teken 'n patroon.




Knip en ontvou.


Hier lyk die leeu se gesig presies simmetries – maar dit is omdat ons 'n foto van die een helfte van die gesig geneem het en dit daarna op die ander kant gekopieër het.


- Hoekom het ons dit gedoen?
- Is alle gesigte nie simmetries nie?
- Dink jy jou gesig is perfek simmetries? Hoekom of hoekom nie?


Die rooi lyn wat in die middel afloop, word die simmetrielyn genoem.




1. Hoeveel simmetrielyne het die volgende vorms?


a. 

b. 

c. 


d. 

e. 


f. 

2. Beantwoord die vrae.


a. Is hierdie driehoeke simmetries? Indien wel, hoeveel simmetrielyne het hulle?




i. _____



ii. _____




iii. _____




iv. _____


b. Is die vierhoeke simmetries? Indien wel, hoeveel simmetrielyne het hulle?




i. _____



ii. _____




iii. _____




iv. _____

3. Teken drie vorms wat nie simmetielyne het nie en twee wat wel het.

4. Dui aan of die stippellyn op elke vorm 'n simmetrielyn is.



5. Teken die tweede helftes van die simmetriese vorm.



Simmetriese vorms

Wat is die 3 mees algemeenste simmetriese voorwerpe wat jy elke dag gebruik?


Teken:

Datum:


15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30


39 Refleksie (weerspieëlings) simmetrie

Die vier algemene rigting van simmetrie.










1. **Identifiseer vier direksies van refleksie (weerspieëlings) simmetrie. Dui dit op die blokkies aan.**





2. **Hoeveel simmetrielyne het elke vorm?**

a. 	b. 	c. 	d. 
e. 	f. 	g. 	h. 

3. Teken die volgende en dui al die simmetrielyne aan.

a. Kan jy 'n vierhoek teken met net ...

1 simmetrielyn?	2 simmetrielyne?	3 simmetrielyne?


b. Kan jy 'n vyfhoek (pentagon) met ongelyke sye teken, met ...

1 simmetrielyn?	2 simmetrielyne?	3 simmetrielyne?

c. Kan jy 'n seshoek (heksagoon) met ongelyke sye teken, met ...

1 simmetrielyn?	2 simmetrielyne?	3 simmetrielyne?

4. Hoeveel simmetrielyne het hierdie patrone?

a. 

b. 

c. 

Dodekagoon

Hoeveel simmetrielyne sal 'n twaalfhoek (dodekagoon) met gelyke sye hê?

Teken:

Datum:

40a Deel- en groepeerprobleme

Kan jy nog onthou hoe jy die groepe getalle gelyk gemaak het?

30 000	40 000	50 000

Kan jy getalle skuif om 3 gelyke groepe te maak?

Watter bewerking kan jy gebruik om die totaal te kry?

Teken 'n prentjie van jou werk.

1. Voltooi die volgende:

a. Skuif die getalle om 3 gelyke groepe te maak.

b. Skryf 'n optel- en vermenigvuldigingsom vir elkeen.

i. 7 000, 8 000, 9 000

a. _____

b. _____

c. _____

ii. 40 000, 50 000, 60 000

a. _____

b. _____

c. _____

iii. 20 000, 40 000, 60 000

a. _____

b. _____

c. _____

iv. 40 000, 60 000, 80 000

a. _____

b. _____

c. _____

v. 10 000, 30 000, 50 000

a. _____

b. _____

c. _____

vi. 50 000, 70 000, 90 000

a. _____

b. _____

c. _____

2. Bereken die volgende:

a. Drie groepe van 20 000. _____

b. Vyf groepe van 25 000. _____

c. Tien groepe van 19 000. _____

d. Vyftig groepe van 1 000. _____

e. Dertig groepe van 4 000. _____

f. Een honderd groepe van 2 000. _____

3. Gebruik getallelyne om die volgende aan te dui:

a. Verdeel 120 000 tussen 3. _____

b. Verdeel 12 000 tussen 4. _____

c. Verdeel 150 000 tussen 5. _____

d. Verdeel 150 000 tussen 50. _____

e. Verdeel 180 000 tussen 30. _____

f. Verdeel 180 000 tussen 300. _____

Deelbaarheidsreëls. Hierdie deelbaarheidsreëls sal jou met deling help.

'n Getal is deelbaar deur 2 as die laaste syfer 'n 0, 2, 4, 6 of 8 is.

'n Getal is deelbaar deur 4 as die getal bestaande uit die laaste 2 syfers deelbaar is deur 4.

'n Getal is deelbaar deur 5 as die laaste syfer 'n 0 of 5 is.

'n Getal is deelbaar deur 6 as dit deelbaar is deur 3 en deur 2.

'n Getal is deelbaar deur 9 as die som van al die syfers 'n veelvoud van 9 is.

'n Getal is deelbaar deur 10 as die laaste syfer 'n nul is.

Teken:

Datum:

vervolg

40b Deel- en groepeerprobleme vervolg

4. Voltooi die volgende tabel:

Getal	Kan jy die getal deur … deel?	Toon die som:	Optelsom	Vermenigvuldiging-som
186 000	3	186 000 gedeel deur 3 = 62 000	62 000 + 62 000 + 62 000 = 186 000	62 000 × 3 = 186 000
194 255	5			
167 324	4			
151 500	6			
123 147	9			

5. Voltooi die volgende tabel. Die eerste een is vir jou gedoen.

_____ is deelbaar deur:	Omkring die korrekte getal/le.
a. 150	(2) (3) 4 (5) 6 8 9 (10)
b. 225	2 3 4 5 6 8 9 10
c. 7 168	2 3 4 5 6 8 9 10
d. 9 042	2 3 4 5 6 8 9 10
e. 35 120	2 3 4 5 6 8 9 10

6. Antwoord waar of onwaar.

a. 189 870 is deelbaar deur 2. _____

b. 134 955 is deelbaar deur 5. _____

c. 134 122 is deelbaar deur 3. _____

d. 187 324 is deelbaar deur 4. _____

e. 148 986 is deelbaar deur 6. _____

f. 173 293 is deelbaar deur 9. _____

7. Skryf vyf 6-syfergetalle neer wat kleiner is as 200 000 en deelbaar is deur:

a. 2 _____ _____ _____ _____ _____

b. 3 _____ _____ _____ _____ _____

c. 4 _____ _____ _____ _____ _____

d. 5 _____ _____ _____ _____ _____

e. 6 _____ _____ _____ _____ _____

f. 8 _____ _____ _____ _____ _____

g. 9 _____ _____ _____ _____ _____

h. 10 _____ _____ _____ _____ _____

Hoe vinnig kan jy besluit?

Kleur die getalle in wat jy kan deel deur:

3

242	188	221	243
367	431	369	998
292	219	521	344
521	302	520	218

4

224	399	907	641
321	532	423	518
531	577	640	261
918	225	999	916

5

892	252	673	396
225	330	990	875
473	788	221	389
344	344	549	426

Teken:

Datum:

41 Koers

Kyk na die volgende stellings en gee 'n voorbeeld van elk.

kilometer per uur

item per liter

rand per week

rand per uur

rand per jaar

rand per kilometer

kilometer per liter


item per kilogram

rand per item

rand per dosyn

1. Kyk na die prentjie en voltooi die tabel.





	Gewig	Koste
a.	1 kg	R50,00
b.	900 g	
c.	800 g	
d.	700 g	
e.	600 g	
f.	500 g	
g.	400 g	
h.	300 g	
i.	200 g	
j.	100 g	



Onthou:
1 kg = 1 000 g

100 g = 0,1 kg

2. Hoender: R25/kg

a. Hoeveel gaan dit kos om 2 kg te koop? R100

b. Hoeveel gaan dit kos om 750 g te koop? _____

c. Hoeveel gaan dit kos om 6,5 kg te koop? _____


Hoender: R25/kg



3. Kyk na die prentjies en beantwoord al die vrae. Jy gaan dalk 'n prentjie moet teken om jou te help om die vrae te beantwoord.

a. Watter items is op uitverkoping? _____

b. Voltooi die volgende:

i. Rys is _____/kg en _____/2 kg.

ii. Visvingers is _____/300 g en _____/kg.

iii. R _____ vir 'n 85 g pakkie sop.

iv. R _____ vir 1 kg waspoeier.

4. Los die volgende woordsomprobleme op:

a. As Ina R30 vir 2½ uur se werk betaal word, hoeveel ure moet sy werk as sy R100 wil verdien?

'n Uitdaging …

'n Maatskaapy het 340 ml blikkies koeldrank verkoop. Een blikkie koeldrank was R4,50. Toe dit tyd geword het om die pryse te verhoog, het die maatskappy nie die pryse verhoog nie. Die prys het dieselfde gebly maar hullle het die blikkies kleiner gemaak. Die blikkies was nou 300 ml en nie meer 340 ml nie.


– Verduidelik twee voordele wat so 'n aksie op die maatskappy sal hê.
– Kan jy aan enige moontlike nadele dink?

Teken:


Datum:

42 Verhouding

Hou 'n dinkskrum oor die verskillende knoopverhoudings. Hoeveel verhoudings is daar?



1. Teken iets in die regterkantse raampie wat sal maak dat die verhouding hoede tot strikke in die twee raampies dieselfde is.




2. Teken 'n prentjie om die verhouding aan te dui.


a. Blou kepse teenoor rooi kepse: 5:8	b. Seuns teenoor meisies: 12:10
c. Vrugtesapbottels teenoor waterbottels: 3:2	d. Honde teenoor katte: 6:5

